**Belangrike Telnrs. / Important Tel. Nos.**

*Ambulans, Brand / Ambulance, Fire*
086 010 1214

*Instandhouding (na-ure noodnr.) / Maintenance (after hours emergency no.)*
076 493 9475

*Sekuriteit / Security*
9911
060 711 3315

**Mediese noodgevalle / Medical emergencies:**

*Sorgeenheid (na-ure) / Frail Care (after hours)*
2009 / 2010
010 007 4154/5
071 568 1450

*Oordverpleegster (Maandag—Vrydag) / Village Nurse (Monday—Friday) 08:00—16:00*
2012
065 595 5505

*Maatskaplike Werker / Social Worker*
2013

*Ontvangs / Reception*
2000 / 2001
010 007 4160

*Kombuis / Kitchen*
2003 / 2004
*(WhatsApp: 074 952 1515 — nie op Donderdae of Saterdae nie / not on Thursdays or Saturdays)*

*Haarsalon / Hair Salon*
2006
081 515 9115

*Skoonheidsalon / Beauty Salon*
2007

*Kiosk*
2005

*Wassery / Laundry*
9913

*Oordbestuurder / Estate Manager*
2002

# Brokkies & Snippets

**Nuusbrief / Newsletter** 2026/04

## Paasboodskap

Die feilbaarheid van die mens word in die historiese tydperk van Jesus se kruisiging op verskeie wyses beklemtoon. Hoe is dit moontlik dat iemand wat vir byna 3 jaar elke dag in Jesus se teenwoordigheid was, Hom kon verraai? Judas was teenwoordig by al die wonderwerke wat Jesus gedoen het, hy was daar tydens die uitdeel van die paar vissies en brode om 'n skare van duisende te voed, hy het aan Jesus se voete gesit en daagliks by Hom geleer. En tog was 30 silwerstukke genoeg om Hom die rug te keer.

Hoe was dit moontlik dat die geliefde en getroue Simon Petrus die Here Jesus drie maal kon verloën? Hy was altyd aan Jesus se sy, Sy regterhand, hy het saam met Jesus op water geloop en tog kon hy nie voor diensmeisies erken dat hy Jesus ken nie.

Hoe is dit moontlik dat 'n volk wat so goed in hulle geskiedenis onderrig was en hulle Messias verwag het, Hom verwerp het en verkies het dat 'n misdadiger soos Barabbas eerder vrygelaat moet word? Vir 3 jaar het hulle bewus geraak van Jesus se wonderwerke, sy leringe in die Tempel, dat Hy vir Lasarus uit die dood opgewek het, en tog skreeu hulle uit volle bors "*Kruisig Hom*!"

Hoe was dit moontlik dat 'n getroue dissipel soos Thomas nie wou glo dat Jesus opgestaan het nie? Jesus het die dissipels vooraf ingelig dat Hy sal opstaan uit die dood, maar toe Thomas hoor dat Jesus wel opgestaan het, wou hy eers sy hande in al die gate en steekmerke druk. Sien en voel is glo!

Wat was Jesus se reaksie op al hierdie swakhede van die mense om Hom? Hy bid "*Vader, vergewe hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie*." Hy weier om Sy onskuld voor die Joodse Raad of Pontius Pilatus te bewys. Hy bly stil op al die aanvalle teen Hom. Hy gee vir Simon Petrus weer kans om sy naam in ere te herstel deur hom drie maal te vra of hy Hom liefhet. "*Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief? Ja Here, U weet dat ek U liefhet*." Vir Thomas dra Hy die boodskap, ook as lewensles vir ons, oor: "*Omdat jy My gesien het, glo jy. Salig is die wat My nie sien nie en waarlik glo*."

Vandag lewe ons met die sekerheid dat Jesus wel opgestaan het en dat Hy wel na die hemel opgevaar het. 'n Engel het by die leë graf aan Maria Magdalena oorgedra dat Jesus opgestaan het. Die graf was leeg. Jesus het oor 'n periode van 40 dae voor Sy Hemelvaart aan verskeie mense verskyn. En ons hou vas aan die belofte wat Jesus in die Evangelie volgens Johannes aan Sy dissipels geleer het. "*Ek gaan om vir julle plek te berei in die huis van My Vader. Daar is baie wonings. As Ek klaar plek berei het, kom Ek julle haal. Julle ken die weg*". Maar weer was dit Thomas wat vra: "*Here, ons weet nie waar U gaan nie, en hoe kan ons die weg ken*"? Jesus antwoord hom: "*Ek is die weg en die waarheid*

## Paasboodskap (Vervolg)

*en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur My nie*."

Namens die Direksie en Bestuur wens ons u elkeen 'n baie Geseënde Paasfees toe. Mag u almal nie net geestelik verryk word nie, maar ook 'n baie spesiale tyd met geliefdes deurbring.

Groete
*Alan Snyman (1339), Voorsitter*

**U word uitgenooi na 'n konsert deur Die Staccatos op 23 April 2026 in die eetsaal om 15:00. Kaartjies is beskikbaar by lede van die Sosiale Komitee @ R80 per persoon.**



**You are invited to a Concert by The Staccatos on 23 April 2026 @15:00 in the dining room. Tickets available from members of the Social Committee @ R80 per person.**



***Happy Birthday to all who celebrate their birthdays in April. Blessings from all of us.***

***Hartlike gelukwense aan elkeen wat in Aprilmaand gebore is. Seënwense van ons almal.***



# BELANGRIK





Die Môremark

en wit olifant tafel

vir April is

ongelukkig gekanselleer.

Volgende Môremark is op 2 Mei.

On Thursday mornings at 10:00, Doulien will collect items for charity at Reception. Items and wool may also be delivered at house 82 at any time.

# Dinsdag 21 April '26
# 14:00, Mandoliensaal






## *Testamente, Boedels, en meer*
## *(Wills, Estates and more)*

*Kom luister na*

***Helandie Calaca, 'n Prokureur***

*wat ons meer gaan vertel oor testamente, boedels en meer*



***Gratis toegang***
***Free entrance***

50+ Welcome

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions

HAPPY Easter

Wishing all residents of **Bronberg Retirement Estate** a peaceful and joyful Easter. May this season bring you hope, comfort, and happiness!



# LOOKING TO BUY OR RENT?

011 805 6316
WWW.CSI-EUF.CO.ZA

**RENTALS & SALES:**
Estell Erasmus



## 2 BED, 1 BATH APARTMENT FOR SALE

**R1250 000**

Stunning ground-floor unit offering 2 comfortable bedrooms, 1 bathroom, a welcoming living area, and a well-equipped kitchen, designed for easy and relaxed everyday living.

### Features

- 2 Bedrooms
- 1 Bathroom
- Ground Floor
- Single Carport
- Cosy Living Area
- Spacious Kitchen

SCAN TO VIEW PROPERTY



## 1 BED, 1 BATH APARTMENTS TO LET

FROM **R9000PM**

Neat and cosy 1-bedroom apartments featuring a spacious bathroom, kitchen, comfortable living area, balcony, and one covered parking bay, all set within a secure and well-maintained environment.

### Features

- 1 Bedroom
- 1 Bathroom
- Single Carport
- Balcony
- Cosy Living Area
- Modern Kitchen

SCAN TO VIEW PROPERTY

## Why Choose BRONBERG: RETIREMENT ESTATE

- 24- Hour Frail Care
- Restaurant & Bar
- Hair & Beauty Salon
- x2 Swimming Pools
- Excellent Security
- Scenic Walking Trails

**Estelle Erasmus: 060 015 9882**

# Memories of Six Days in The Emerald Isle (Part 2) (July – August 2006)

The previous article ended with our visit to the Blarney Castle. The next stop was Killarney where we decided to do the "Ring of Kerry" drive. This is a circular drive of 179 km around the Iveragh Peninsula in the southwest of Ireland starting and ending in Killarney. We were given a useful tip of driving clockwise around the Ring, to avoid getting stuck behind the large tour buses. The roads, even the main roads, tend to be very narrow. The road took us through numerous quaint villages, scenic viewpoints of steep cliffs lining the Atlantic Ocean and a patchwork of green fields marked by hedges. Sheep and cows were grazing unfazed by the beautiful scenery.

We reached the little village of Glenbeigh (still on the Iveragh Peninsula) and enquired at the petrol station about a B&B. The owner of the garage happened to own a B&B just down the road. We checked in and took a walk down to the centre of town and found a pub where we joined the locals for a lovely evening. They were all very eager to share their recommendation for a possible route the next day. The recommended route was unanimous – we could not miss the Dingle Peninsula Drive, Slea Head Drive and Conor Pass. They also suggested we take the ferry across the Shannon River estuary as it would save time and bypass Limerick. (Limerick was apparently known as "Stab City" because it had a bad reputation of drug and gang violence pre-2000, although that has since changed).



*Slee Head Drive*

We opted for the scenic route (still part of the Kerry Ring) from Denbeigh to Dingle via the Conor Pass, which is one of the highest mountain passes in Ireland. We did not realise what we were letting ourselves in for – part of the road was narrow, steep and winding but our driver skilfully navigated the road and we arrived safely in Dingle town.



*Slee Head Crucifix*

Slea Head Drive forms part of the Wild Atlantic Way on the western end of the Dingle Peninsula with the drive beginning and ending in Dingle.

Irish or Gaelic is still spoken in various regions in Ireland and we noticed mostly all the road signs in county Kerry and especially now on the Dingle Peninsula were all in Gaelic. The drive offered dramatic scenes of towering cliffs dropping into the Atlantic Ocean, sandy beaches and views of the rugged uninhabited Blasket Islands just off the Dingle Peninsula. Many areas along the Slea Head Drive have been used by Hollywood producers as filming locations. (Popular films are "Ryans Daughter", "Game of Thrones" and "Star Wars").

The road around the Slea Head is very narrow and a single lane only. Slea Head itself is marked by a larger-than-life-size statue in the cliff face, depicting the crucifixion of Jesus Christ. It is bright white and was erected as a landmark for fishermen to see through the fog and mist when returning home from the sea.



*Good Luck Brendan Bear*


The famous Stone House Restaurant was closed but we stopped at the Tig Slea Head Café for a cup of coffee. I could not resist buying a teddy bear (to add to my collection) wearing a famous Aran knitted jumper. Aran knitting patterns originated in the Aran Islands and were designed for their warmth and protection by the women for the farmers and fishermen on the Islands. Each family had its own traditional pattern which was passed down through the generations.

There were so many Irish souvenirs to choose from. Ireland is deeply en-

# Memories of Six Days in The Emerald Isle (Part 2) (Continued) (July – August 2006)

trenched in folklore and myth. The national emblem is the shamrock, the four-leaf clover is a sign of luck and the endearing little Leprechaun is a small mischievous elf or dwarf, dressed in green wearing a green top hat. Saint Patrick's Day is a big annual celebration on 17 March, honouring the Patron Saint of Ireland. There were also several fairy forts on The Ring of Kerry Drive, in the form of circular structures which are the homes of fairies. Legend has it that disturbing these "wee folk" can bring bad luck!!

Once we were back in Dingle we headed for Tarbert for the ferry across the Shannon River Estuary. We bought our tickets, parked the car on the boat and enjoyed the 25-minute ferry trip across the Shannon River where it docked at Killimer. We had left county Kerry and were now in County Clare. Once our car was on terra firma in Killimer we took the road to Doolin, a small village on the coast and gateway to the towering Cliffs of Moher, the Burren and the Aran Isles. This scenery is all still part of the Wild Atlantic Way which is so named for the rugged, untamed western coast of Ireland.



*Cliffs of Moher*

We reached Doolin and found a B&B about 5 minutes out of the village on a country road offering views of the surrounding countryside and Doolin Bay. After checking in we drove down to the village and found Gus O'Connor's Pub on the main road. Two of us had been dying to try Irish stew and we were not disappointed. We spent a very relaxing evening in the warm atmosphere of this friendly pub listening to live Irish music (maybe not quite our taste!). However, the atmosphere was cosy and friendly.




*Gus O'Connor's Pub*

Our rooms at St Martin's B&B were very comfortable and the hosts were extremely welcoming. After a lovely breakfast the next morning, we made our way down to the Cliffs of Moher. We passed the harbour where ferries were departing to the Aran Islands which consist of 3 islands. They are 48 km from Galway Bay and the last land to the west before reaching America.

We had to pay an entrance fee at the Cliffs of Moher and walked the short distance to the viewing platforms. These cliffs were undoubtedly the most dramatic and beautiful scenery we had seen along the Wild Atlantic Way. The sheer drop of these majestic cliffs into the sea below is not possible to describe. The cliffs are 8 km long and 214 m high and hold one of the major colonies of cliff nesting seabirds in Ireland. There are more than 9 species of breeding sea birds there and up to 30 000 breeding pairs of sea birds are found annually on the cliffs. (These were the statistics from a brochure at the time and would probably vary now.) The Cliffs of Moher also hold the largest mainland colony of Puffins in Ireland. These comical birds with their black and white evening suits and colourful bills are sometimes called "sea parrots" or "clowns of the sea"!

*Lynette Hazelhurst (3134)*

## 'n Gedig
## Gebed van 'n reisiger

Sny vir my o Heer 'n wandelstok of twee
Uit die woud by Tsitsikamma en loop dan met my mee

Oor die vlaktes van die Groot-Karoo
Oor die berge van Natal
Langs die kus af tot by Vleesbaai

Tot by die groen van Riversdal
Brand die hemel van die Vrystaat
In my hart se dagboek in
Laat my nooit die lug vergeet nie
Wat aan die horison begin

En Heer is dit dieselfde son wat by my reis se einde skyn?
Behou mens steeds die reuk van reën as jou geheue dalk sou kwyn?

Want ek vrees mos nie die vreemde nie
Selfs die afstand laat my koud
By U is daar geen leemte nie
U bly steeds my behoud

Al reis ek oor die sewe seë
Skuif kontinente stil verby
Sal ek my voetval op U rig
My in die reis verbly

Maar ek vrees tog wel die eensaamheid
Ek skrik die groot alleen
Dis dan wanneer u my moet dra
Want U weet ek gaan daarheen

Laat die sterre dus my Kompas wees en U steeds my ware Noord
Lei elke voetstap van my reis o Heer, want dit is soos dit hoort.

*Gedig deur Coenie de Villiers*
*Ingestuur deur*
*Jan Beukes (3316)*

## SUDOKU

(Oplossing op bladsy 22)
(Solution on page 22)

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | 9 | 4 | | | | |
| 9 | | | 7 | | | | | 8 |
| | | 2 | 3 | | | | 7 | |
| | 6 | 8 | | | | | | |
| 3 | | 9 | | | | 4 | | 7 |
| | | | | | | 8 | 1 | |
| | 8 | | | | 7 | 6 | | |
| 5 | | | | | 2 | | | 9 |
| | | | | 1 | 4 | | | 5 |

*Lulu Fisher (3292)*


*Ons volgende Môremark vind plaas op*
***Saterdag 2 Mei 2026***
*Die daaropvolgende Môremark vind plaas op* ***Saterdag 6 Junie 2026***.

*Indien jy belangstel om jou produk/te by enige van die Môremarkte uit te stal, kontak gerus vroegtydig vir* ***Hennie Ackermann*** *(voor die 26ste van die voorafgaande maand) om jou tafel te bespreek:*

***3225*** *(Interne telefoon)*
***082 891 6404*** *(Selfoon)*

***Per e-pos*** *by:*
*hackermann192@gmail.com*

*Die koste is as volg:*
***R100 vir 'n lang tafel (1.8 m x 0.9 m )***
***R50 vir 'n kort tafel (0.9 m x 0.9 m)***
*Indien die lang tafels vol bespreek is, plaas ons 2 kort tafels teen mekaar.*




**FRANNA**


- Ek bied basiese opleiding en inligting aan in rekenaargeletterdheid.
- Wiskundeklasse vir alle grade op skool.
- Vervoer na winkels, dokters, besighede en lughawe. Ek sal ook saam met u wag tot nadat aankope gedoen is en behulpsaam wees met pakkies.
- Ek doen ook basiese hersteldienste by u aan huis bv. portrette en gordyne opsit, lekkende krane en los skroefies en werkies.

Skakel. 0810698320



## Crossword Puzzle

[by Lulu Fisher (3292) - Solution on page 20]



**ACROSS:**

| | |
|---|---|
| 1 | Reassign (8) |
| 5 | Rules of a country (4) |
| 9 | Divide; separate (5) |
| 10 | Capital of China (7) |
| 11 | Impudence (12) |
| 14 | Seventh Greek letter (3) |
| 15 | Incontrovertible evidence (5) |
| 16 | Division of a tennis match (3) |
| 17 | Fully extended (12) |
| 20 | Use up; exhaust (7) |
| 22 | Titled (5) |
| 23 | Repeat (4) |
| 24 | Part of the brain (8) |

**DOWN:**

| | |
|---|---|
| 1 | Expose to danger (4) |
| 2 | Difficult choice (7) |
| 3 | Sound of quick light steps(6-6) |
| 4 | Sphere or globe (3) |
| 6 | Relating to bees (5) |
| 7 | Implies (8) |
| 8 | Importance (12) |
| 12 | Store of hoarded wealth (5) |
| 13 | Woodwind instrument (8) |
| 16 | Type of ship (7) |
| 18 | Lukewarm (5) |
| 19 | First man (4) |
| 21 | Organ of sight (3) |

## Security/Sekuriteit

The new face recognition security system is now fully operational and is functioning satisfactorily. There were teething problems with the implementation of the system, which have been rectified. Regarding general security in the Estate, one of the biggest threats remains the way in which the roads in the Estate are being used. The maximum speed limit of 20 km is often not adhered to and stop signs are often ignored.

In our environment everyone should respect the circumstances in the Estate. Residents are encouraged to remain active as far as possible. For many, walking is the solution. There are residents who do this very regularly, even with walkers. Sometimes carers accompany residents or push them in a wheelchair. It is important to give the right-of-way to pedestrians in the Estate. Vehicles are usually quiet at low speeds, making it hard for pedestrians to hear them on time. Some residents walk their dog, sometimes two, which makes them even more vulnerable. There is but one golden rule – be patient, especially with pedestrians, drive slowly and be attentive to circumstances.

It remains important to ensure that gardeners or domestic workers working for residents are not brought into the Estate without going through the pedestrian gate. Ensure that all workers are registered with the Service Centre. Gardeners working for the Garden Services are not allowed to do private work for residents – if they do, they run the risk of losing their jobs. Regarding entrance to the Estate, the gates will be closed from 20:00 at night, when the security guards will open upon approach. In respect of deliveries from 60/60 and other businesses which deliver, the deliveries to units will not be allowed after 19:00. If any delivery must be made after 19:00, it must be collected by the resident at the gate.

Veiligheid is 'n gedeelde verantwoordelikheid. Hier is 'n paar wenke wat kan help om jouself te beveilig:

- Dit is belangrik om noodtelefoonnommers onder "ICE" ("In Case of Emergency") op jou selfoon te stoor.
- Hou mediese en noodbesonderhede toeganklik en byderhand.
- Rapporteer alle suspisieuse gedrag aan die Landgoedsekuriteit.
- Vermy spitsure by winkelsentrums.
- Parkeer in sigbare gebiede naby ingange.
- Wees waaksaam wanneer 'n groep skielik stop of jou pad blokkeer – dit is dikwels 'n afleidingstaktiek.
- Wees bewus van die omgewing en mense rondom jou.
- Vermy dit om 'n selfoon te gebruik terwyl jy loop. Dit lei jou aandag af en maak van jou 'n teiken.
- Moenie hulp aanvaar by 'n OTM nie.
- Druk die kanselleerknoppie voor en na gebruik van die OTM.
- Moenie iemand toelaat om te naby aan jou te staan nie.
- Bedek die sleutelbord wanneer jy jou PIN invoer.
- As die OTM foutief lyk, kanselleer die transaksie en loop onmiddellik weg.
- As jou kaart gesluk word, bel onmiddellik die bank en meld dit aan.
- Moenie 'n tas of handsak in 'n trollie los nie.

*Philip Jacobs (3308)*
*Met erkenning aan 'n inligtingstuk van Bidvest Protea COIN*

**HELPENDE HANDE**
**EN**
**GEMOEDSRUS-RITTE**

**Ek bied betroubare vervoer na:**

Dokters, hospitale, winkels, lughawens, of enige plek waar jy ookal wil wees.
*Kwotasie op aanvraag.*

**Ek doen ook klein huisherstelwerk:**

TV-opstellings, TV-probleme, vervang van ligtoestelle en gloeilampe, ophang van portrette en gordyne, installering van gordynrelings, herstel van slotte, herstel van glasskuifdeure, of enige ander handewerk.

Laat weet vir my hoe ek kan help.
Kontak Murray op **083 589 9142**

# Verslag - Direkteur: Kombuis, Arms en Dienssentrum

## Voedseldiens by Bronberg – méér as net 'n ete

'n Smaaklike ete bly 'n hoogtepunt van die dag – en ek is seker ek is nie al een wat so dink nie! By Bronberg is ons gelukkig dat **Reef Caterers** daagliks sorg vir 'n verskeidenheid disse. **Marius Gerber en Dani** met hul toegewyde span sorg dat elke ete met sorg beplan, voorberei en bedien word.

Benewens die gesellige eetkamer word etes ook aan die sorgsentrum voorsien. Inwoners het daagliks 'n keuse uit vyf maaltyd-opsies, insluitend normale, gesondheids- en ligte etes. Klem word gelê op gebalanseerde dieetbeplanning. Die maandelikse spyskaart is vooraf beskikbaar by die eetkamerontvangs en op die WhatsAppgroep. Dis dalk nie algemeen bekend dat die gesondheidsmaaltyd sonder die byvoeging van suiker voorberei word en dat alternatiewe stysels soos bruinrys, aartappel, koring of couscous bygevoeg word in plaas van wit rys nie.

Etes is natuurlik nie net vir inwoners nie – vriende en familie is altyd welkom om saam aan te sit en die geselligheid te geniet. Nuwe inwoners word ook hartlik verwelkom aan 'n vriendskaptafel, sodat niemand alleen hoef te voel nie.

Vir die gemak van die inwoners word die Golden Spoon App gebruik. Daarmee kan inwoners hul maaltyd vir die volgende dag voor 15:00 die vorige middag bestel.

Reef Caterers sorg ook vir spesiale bederftye op dae soos Kersfees, Valentynsdag en Moeders- en Vadersdag.

Let asseblief daarop dat maaltydkoste jaarliks op 1 Maart aangepas word volgens ekonomiese faktore.

Inwoners word aangemoedig om terugvoer en voorstelle oor kos en diens te gee – dit help ons om die standaard hoog te hou. As ekstra aansporing is daar ook 'n lojaliteitsprogram: ná 20 etes word 'n inwoner bederf met 'n gratis glasie wyn of 'n geurige koppie koffie.

## ARMS Restaurant – ontspan, kuier en geniet

Benewens die eetkamer bied ARMS Restaurant 'n meer ontspanne ervaring. Hier kan inwoners kies uit 'n verskeidenheid keurig voorbereide geregte, iets om by die kroeg te geniet, of om bloot te ontspan met 'n sny koek en 'n cappuccino. Wegneemetes is ook beskikbaar, maar moet self deur inwoners by ARMS afgehaal word. Aflewerings is nie moontlik nie.

Reef streef daarna om hul diens voortdurend te verbeter, en dit is bemoedigend om te sien hoe die ondersteuning van ARMS oor die afgelope paar jaar met rasse skrede gegroei het.

Verbeterings oor die afgelope 3 jaar sluit in:

- 'n Advertensiebord by die oprit
- Gelamineerde, volkleur-gedrukte spys- en drankkaarte vir ontbyt en hoofetes
- Uitgebreide spyskaarte met meer keuses
- DSTV met twee TV's vir sportliefhebbers
- Sambrele en kussings vir die buite-area om 'n meer gesellige kuier- en braai-omgewing te skep
  *('n Spesiale dank aan die Sosiale Komitee vir die skenking van die kussings, asook aan eksterne borge vir die sambrele.)*
- Koek- en koffie-aanbiedinge
- Wegneem etes
- Verbeterde diens deur personeelopleiding en belegging in nuwe toerusting
- Nuwe eetware spesiaal vir gebruik by ARMS
- 'n Dubbeldeur-yskas om drankies en koeke uit te stal en koud te hou.

Sportliefhebbers kan nou groot sportgeleenthede gemaklik op twee TV's volg, en daar word gereeld spesiale kos- en drankaanbiedinge gereël.

Die **ARMS** is ook beskikbaar vir groepbesprekings en privaat funksies, soos braai's of blokkuieraande. Indien jy die fasiliteit wil bespreek, gee asseblief ten minste twee weke vooraf kennis. Die kombuis help ook graag met die reël van spesiale etes volgens jou voorkeur.

**ARMS se openingstye:**

Woensdag tot Saterdag: 09:00 – 19:00

Sondae: 09:00 – 15:00

Dankie aan elkeen wat die ARMS reeds ondersteun – en aan dié wat nog nie 'n draai gemaak het nie: **kom loer**

# Verslag - Direkteur: Kombuis, Arms en Dienssentrum (Vervolg)

gerus in en geniet iets by ARMS! Onthou ons vriendelike kelners waardeer 'n klein erkenning – 'n fooitjie maak hulle dag.

**Café/Kiosk**

Die Café/Kiosk neem 'n onontbeerlike plek in by Bronberg Aftreelandgoed. Al is die Café Kiosk klein, speel dit 'n belangrike rol om in daaglikse benodigdhede aan inwoners te voorsien. Dit sluit in smaaklike hamburgers, vetkoeke met maalvleis, pannekoeke, koffie en koek in. Items soos vars brood, groente, vrugte, blikkieskos, koeldrank en vele ander items kan hier aangekoop word in plaas daarvan om na ‘n supermark te gaan. Die diens is altyd vriendelik en die area netjies. PR bevestig dat hy baie tevrede is met die ondersteuning wat bly groei. Laastens kan genoem word in die woorde van PR: "*dis 'n regte 'noodshoppy' as jy skielik iets nodig het, altyd vars vrugte/groente of dalk koek vir kuiermense. Selfs 'n geskenkie*.” Hou die Café/Kiosk dop vir moontlike verdere verassings!

Die Café/Kiosk is elke dag heeldag oop van Maandag tot Vrydag en slegs in die oggend op Saterdae.

**Marinique Hand- & Voetbehandelings**

As deel van ons voortgesette poging om inwoners van Bronberg Aftreelandgoed ingelig te hou oor betroubare dienste beskikbaar aan die gemeenskap, wil ons graag Marinique Hand- & Voetbehandelings onder u aandag bring.

**Marinique** is 'n gevestigde en professionele hand-, voet- en skoonheidsalon wat spesifiek fokus op persoonlike diens aan ons inwoners. Die salon, bestuur deur Marinda bied 'n verwelkomende omgewing waar inwoners met sorg behandel word. Groot klem word gelê op higiëne, die gebruik van kwaliteitprodukte en die handhawing van hoë professionele standaarde.

Die terapeute ontvang gereelde opleiding in nuwe tegnieke en produkte om te verseker dat inwoners altyd die beste moontlike behandelings ontvang. Baie inwoners is reeds vir jare lojale kliënte en beskou Marinique as 'n waardevolle deel van hul leefstyl.

Inwoners van Bronberg wat nog nie van hierdie diens gebruik gemaak het nie, word aangemoedig om dit te doen.

**Silver Violet Hair Studios**

Silver Violet Studios is 'n gesogte haarsalondiensverskaffer wat spesifiek fokus op ons bejaardes en inwoners van verskeie aftree-oorde in Pretoria, insluitende Bronberg.

'n Haarsalon is vir baie dames veel meer as net 'n plek waar hare gesny of gestileer word. Dit is ook 'n plek waar gesprekke spontaan vloei en waar mense werklik na mekaar luister. Tussen die klank van skêre en haardroërs word stories gedeel, herinneringe opgehaal en soms ook sorge ligter gemaak. Ek kry die indruk dat hierdie oomblikke nie net bydra tot 'n netjiese voorkoms nie, maar ook tot 'n gevoel van welstand. In 'n aftreegemeenskap word die haarsalon vir my amper 'n ontmoetingsplek met menslike warmte.

In gesprek met Gilbert en Sarie, eienaars van Silver Violet Studios beskou hulle die diens aan bejaardes in Bronberg Aftreelandgoed as 'n hoogs gespesialiseerde beroep, omdat hulle ons Bronberg Aftreelandgoed kliënte sien as veel meer wat net haarversorging en stilering benodig – hulle soek iets om na uit te sien, iets wat hul dag ophelder en 'n glimlag op hul gesig toor. Silver Violet is dan juis ook die plek waar daar 'n groot verskeidenheid keuses is om die hare te tooi deur 'n bekwame span onder leiding van Sarie(eienaar) Petro, Erica en Pierre.

Die haarkappers in die Silver Violet Studios-familie is spesifiek opgelei om aan die unieke behoeftes van die Bronberg Aftreelandgoed kliënte te voldoen. Haarversorgingsdienste- en produkte van die hoogste gehalte word gebruik.

Silver Violet se haarstiliste bring empatie, lag en 'n bietjie pret in die lewens aan almal wat die salon besoek. Ook die mans is welkom vir 'n haarsny.

**Quality Household Services – 'n Waardevolle vennoot by Bronberg**

Quality Household Services (QHS), onder leiding van Marina Jordan, is sedert 2016 betrokke by Bronberg

## Verslag - Direkteur: Kombuis, Arms en Dienssentrum (Vervolg)

Aftreelandgoed. Wat destyds as 'n klein skoonmaakspan begin het, het oor die jare gegroei tot 'n gevestigde diensverskaffer wat tans 27 personeellede in diens het en ook dienste by twee ander landgoedere lewer.

By Bronberg is QHS verantwoordelik vir die skoonmaak van die Dienssentrum en die woonstelgeboue, asook vir die bedryf van die wassery in die hoofgebou. Dit sluit onder andere die gange, sitkamers, speletjiesvertrekke, hysbakke, trappe en biblioteekareas in. Die wassery bied ook 'n gerieflike was- en strykdiens vir inwoners wat daarvan gebruik wil maak.

Met verloop van tyd het die reeks dienste uitgebrei. Benewens die skoonmaak- en wasserydienste word daar ook 'n motorwasdiens aangebied, asook hulp met tuindienste by individuele huise. Sedert Desember 2025 is 'n diens vir die skoonmaak van buitevensters by huise ook beskikbaar. Huis- en tuindienste kan op 'n uurlikse basis gereël word.

Die bestuur van Bronberg waardeer die rol wat QHS speel om die gemeenskaplike areas van die oord netjies en goed versorg te hou. Terselfdertyd dra die onderneming ook by tot plaaslike werkskepping.

Inwoners wat van hierdie dienste gebruik wil maak, is welkom om navraag te doen by die betrokke diensverskaffer.

*Pieter Fourie (3306)*
*Direkteur: Kombuis, Arms en Dienssentrum*




## 'n Woordjie aan ons Adverteerders

Die plasing van advertensies in die blad is onontbeerlik ten einde die publikasie daarvan te bemoontlik. Ons bedank adverteerders hartlik en nooi ander toepaslike sake-ondernemings en privaat praktisyns in die gebied Bronberg, Olympus, ens., uit om in *Bronberg-Brokkies & Snippets* te adverteer. Ons maandelikse nuusbrief word deur meer as 600 mense in ons oord, Bronbergaftree-landgoed gelees!

Nader asseblief vir *Lulu Fisher* per e-pos (*luluf@mweb.co.za*) vir verdere inligting rakende die verskillende opsies en koste om 'n advertensie te plaas.

*Redaksie*


Ignite Every Conversation
healthy hearing
Interton GN
Interton Spark
MARKET LEADING TECHNOLOGY
smaller RIE styles designed to delight with top-quality hearing clarity, comfort & connectivity!
ENQUIRE TODAY
012 348 2478
newlands@healthhearing.co.za
www.healthyhearing.co.za


Bronberg Retirement Estate
AIDA
ESTABLISHED 1958
Everything we touch turns to sold
PROPERTIES WANTED
THINKING OF SELLING?
GIVE ME A CALL!!
BRONBERG RETIREMENT ESTATE AFTREELANDGOED
Houses for Sale
R2 950 000 - 3 Bed 2 Bath 2 Garages Solar - Under Offer
R3 100 000 - 3 Bed 2 Bath 2 Garages Solar
Apartments for Sale
R1 260 000 - 2 Bed 1 Bath 1 Carport - Ground floor
R1 250 000 - 2 Bed 1 Bath 1 Carport -
R1 350 000 - 2 Bed 1 Bath 1 Carport - (Ground floor) - Sold
Rentals
R9 500pm - 2 Bed 1 Bath 1 Carport - Pending
happy easter
SCAN ME
BRONBERG
RETIREMENT ESTATE
Kobus Potgieter
082 854 1727
kobus@aidapta.co.za
Registered with the PPRA

## 'n Lewensles

Voordat jy vandag iets negatief en afbrekend vir jou medemens te sê het...
dink aan iemand wat stom is.

Voordat jy vandag kla oor die slegte smaak van die kos...
dink aan diegene wat niks het om te eet nie.

Voordat jy vandag kla oor 'n geliefde wat nie dink, sê en doen soos jy van hulle verwag nie...
dink aan iemand wat by God smeek vir vriende of 'n lewensmaat.

Voordat jy vandag kla oor dié ou lewe...
dink aan 'n kind wat op 'n sterfbed lê.

Voordat jy vandag oor jou kinders kla...
dink aan dié wat begeer om "Mamma" of "Pappa" te hoor, maar nooit die voorreg sal hê nie.

Voordat jy vandag baklei oor jou vuil en deurmekaar huis wat iemand nie uitgevee het of waar 'n bed nie opgemaak is nie...
dink aan dié mense wat op straat bly of onder rommel skuiling moet soek.

Voordat jy vandag kla oor die afstand wat jy werk toe moet ry...
dink aan iemand wat geen vervoer het nie en werk toe moet loop.

Voordat jy vandag kla oor jou werk en hoe moeg jy is...
dink aan die werkloses of gestremdes wat 'n werk begeer.

Voordat jy daaraan dink om 'n vinger te wys of te oordeel...
onthou dat nie een van ons sonder sonde en tekortkominge is nie. Ons moet almal verantwoording doen aan Een Skepper.

Wanneer negatiewe gedagtes vandag dreig om jou depressief te laat voel...
Glimlag en Dank God dat jy leef.

Die lewe is 'n geskenk...
Leef voluit...
Vervolmaak vandag in Jesus naam...
Wees Vrolik en Lag sonder ophou...
Geniet elke oomblik daarvan...

Gee baie liefde...
want God het hierdie lewe aan jou geskenk!

*Bron onbekend*
*Ingestuur deur*
*Wilco Beukes (3147)*

La Vie Medwell SA

**A New Standard in Care: Where Compassion Meets Clinical Excellence**

In a time where quality healthcare matters more than ever, a new standard is emerging in South Africa—one that places people, dignity, and holistic healing at its core.
Through the merger of Medwell SA and La Vie Care, the country's largest care provider has been formed—bringing together expertise, compassion, and a shared vision to redefine healthcare across all stages of life.
At the heart of this new entity is a simple but powerful promise: exceptional, personalised care in a safe and supportive environment.

Across 30 care centres nationwide, patients and residents now have access to a comprehensive range of services—from home healthcare to specialised rehabilitation and retirement living. Whether recovering from surgery, managing complex medical conditions, or regaining independence after a stroke, every individual is supported by a multidisciplinary team of highly skilled professionals.

This is not just healthcare—it is *whole-person care*.
Each facility is designed with a holistic wellness approach, promoting physical recovery, emotional well-being, and meaningful social connection. With 24-hour nursing care, patients and families can have peace of mind knowing that expert support is always available. Every care plan is tailored to the individual—because no two journeys to recovery are the same.

With over 1,400 dedicated staff members, 8,500 monthly home visits, and 800 emergency responses, the new group is already transforming lives at scale—while maintaining a deeply personal touch.

Our main purpose will be to deliver compassionate, world-class care to every individual, every day. Because at the end of the day, healthcare is not just about treatment—it's about people, dignity, and giving every person the opportunity to live with comfort, support, and hope.

**'n Nuwe Standaard van Sorg: Waar Deernis en Kundigheid Saamkom**

In 'n tyd waar kwaliteit gesondheidsorg belangriker is as ooit, ontstaan daar 'n nuwe standaard in Suid-Afrika—een wat mense, waardigheid en holistiese genesing sentraal plaas.
Met die samesmelting van Medwell SA en La Vie Care is die land se grootste sorgverskaffer gevorm—'n kragtige kombinasie van kundigheid van altesaam 40 jaar, deernis en 'n gedeelde visie om gesondheidsorg te herdefinieer.
Die kern van hierdie nuwe entiteit is 'n eenvoudige maar kragtige belofte: uitstaande, persoonlike sorg in 'n veilige en ondersteunende omgewing.
Met 30 sorgsentrums landswyd het pasiënte en inwoners nou toegang tot 'n omvattende reeks dienste—van tuisversorging tot gespesialiseerde rehabilitasie en aftreeleefstyl-oplossings.

Hier gaan dit nie net oor gesondheidsorg nie—dit gaan oor die *hele mens*.
Elke fasiliteit is ontwerp met 'n holistiese welstandsbenadering wat fisiese herstel, emosionele ondersteuning en sosiale verbondenheid bevorder. Met 24-uur verpleegsorg kan pasiënte en hul families gemoedsrus hê dat professionele ondersteuning altyd beskikbaar is. Elke sorgplan word individueel aangepas—want elke persoon se herstelreis is uniek.

Met meer as 1 400 toegewyde werknemers, 8 500 maandelikse tuisbesoeke en 800 noodreaksies, maak die groep reeds 'n betekenisvolle verskil—op skaal, maar steeds met 'n persoonlike aanslag.

Medwell het een hoofdoel en dit is om met deernisvolle, wêreldklas sorg aan elke individu te lewer, elke dag. Want uiteindelik gaan gesondheidsorg nie net oor behandeling nie— dit gaan oor mense, waardigheid en die geleentheid om met gemak, ondersteuning en hoop te leef.

# Blok 8 hou blokbraai




*Agter: Daan, Renier, Frans, Norman en Johan*
*Voor: Basil en Lawrie*

Die inwoners van Blok 8 hou daarvan om geselig saam te verkeer. Op Vrydag 27 Februarie was dit weer tyd vir die jaarlikse blokbraai wat deur 20 mense bygewoon is.

Almal het hul eie vleis en drinkgoed gebring en aangebied om van die bykosse te maak wat uit die boonste rakke was: spesiale potbrood; tuisgemaakte konfyt; twee heerlike slaaie en drie soorte nagereg!

Renier het ook kortliks vertel van sy en Lianné se baie interessante reis saam met 'n toergroep deur 'n deel van Angola in hulle Abba Camper op 'n 4x4 bakkie. Die Doodsakker, wat deel is van die Namibwoestynkus, was 'n besondere hoogtepunt!

Behalwe dat dit heerlik is om lekker te gesels en saam te kuier, bied so 'n blokbraai die geleentheid om mekaar beter te leer ken en waardeer. Almal het saamgestem dat die aand 'n reuse sukses was!

*Steph McFarlane (3140)*



*Thea, Lianné en Maretha*



*Jeanette, Ria en Soekie*



*Lia*



*Marietjie en Denise*

## Blok 8 hou blokbraai (Vervolg)



*Thea en Maretha*



*Lawrie, Johan en Daan*



*Frans en Renier*



*Annette en Christelle*

## Mobility Aids for Bronberg Residents

Bert Knopjes (House 82), has a project to assist residents who need a wheelchair or walker for a shorter period of time.

These aids can be rented at a minimal cost and the income derived is used to repair equipment when necessary.

Wheelchairs R30/month or R10/week.
Walkers R10/month. Crutches R10/month.
Rental period: maximum 6 months.

Donations of mobility aids by people who are not using them any longer, will willingly be accepted, even if broken or incomplete.



## "Ek weet nie"-gebed


Het jy geweet daar is 'n gebed genaamd die "Ek weet nie"-gebed?
Dit is baie geestelik.
Jy gaan net iewers stil, weg van die gewoel en geraas van die lewe en jy stap tot in die hart van God en jy sê, "Ek weet nie."
Ek weet nie waarheen om van hier af te gaan nie.
Ek weet nie wat gebeur of hoekom dit gebeur nie.
Ek weet nie hoe om dit te verwerk nie.
Ek weet nie wat om met hierdie emosies te doen nie.
Ek weet nie hoe om hierdie situasie te hanteer nie.
Dit dek baie van ek weet nie.
En dan, met watter stowwerige klein sandkorreltjie van geloof jy ook al oor het, sê jy:
"Maar U weet"
En jy los dit daar.

*Skrywer onbekend*
*Ingestuur deur*
*Rieka Mitton (1323)*


## Lede van die Sosiale Komitee

| | | | |
|---|---|---|---|
| Wilco Beukes (Voors.) | 3147 | Desirée Morgan | 3017 |
| George Pearson | 1121 | Riana Ackermann | 3225 |
| Elsa Ferreira | 3305 | Hanna Kotze | 1227 |
| Doulien Knopjes | 3082 | Jakkie Beukes | 3147 |
| Hester Naudé | 3053 | Rita Smit | 3269 |
| Christa Roux | 3231 | Anna du Plessis | 3230 |
| Hennie Ackermann | 3225 | Esther Smit | 3237 |
| Estelle Fölscher | 3198 | Johan Fölscher | 3198 |
| Jan de Beer | 3116 | Vivien van Niekerk | 1141 |
| Albert Jacobs | 1239 | Renier Jansen van Rensburg | 3138 |
| Lianné Jansen Van Rensburg | 3138 | Nakkie Watkins | 1129 |
| Mariana Stanbury | 3090 | | |

***Kontak gerus een van hulle as julle voorstelle wil maak of hulp wil aanbied by die Môremark***



Daar is wol beskikbaar by Doulien (huis 82) en Vicki (huis 160) vir die vlytiges. Ons brei of hekel blokke vir komberse of hele kniekomberse, asook koningsblou of grys mussies, serpe en moffies (*mittens*) vir 'n laerskool. Ons is ook op soek na vrywilligers wat kan help om die blokke aanmekaar te werk of te hekel vir kombersies. Baie dankie aan al die inwoners wat altyd bereid is om te brei en te hekel.



*Doulien Knopjes (3082)*

## Crossword solution (from page 9)

| | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 R | E | 2 D | E | 3 P | L | 4 O | Y | | 5 L | 6 A | W | 7 S |
| I | | I | | I | | R | | 8 S | | P | | U |
| 9 S | P | L | I | T | | 10 B | E | I | J | I | N | G |
| K | | E | | T | | | | G | | A | | G |
| | 11 I | M | P | E | R | 12 T | I | N | E | N | C | E |
| 13 R | | M | | R | | R | | I | | | | S |
| 14 E | T | A | | 15 P | R | O | O | F | | 16 S | E | T |
| C | | | | A | | V | | I | | T | | S |
| 17 O | U | 18 T | S | T | R | E | T | C | H | E | D | |
| R | | E | | T | | | | A | | A | | 19 A |
| 20 D | E | P | L | E | T | 21 E | | 22 N | A | M | E | D |
| E | | I | | R | | Y | | C | | E | | A |
| 23 R | E | D | O | | 24 C | E | R | E | B | R | U | M |

## Woordsoek

| | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| U | P | N | M | E | N | D | E | L | S | S | O | H | N |
| H | W | E | D | K | B | E | L | L | I | N | I | I | F |
| V | I | G | A | W | X | Q | P | C | H | C | L | M | C |
| V | B | A | C | H | A | V | Z | N | H | H | Q | W | Q |
| V | B | H | A | M | K | G | Q | Z | E | O | Y | L | K |
| R | I | K | Y | D | O | H | N | L | J | D | P | L | R |
| B | A | G | D | E | Q | Z | W | E | X | V | F | I | L |
| H | A | Y | D | N | R | N | A | B | R | O | B | S | N |
| Q | V | I | V | A | L | D | I | R | B | R | R | Z | G |
| Q | B | T | Z | W | H | Y | Y | P | T | A | A | T | U |
| X | B | E | E | T | H | O | V | E | N | K | H | N | J |
| H | A | N | D | E | L | X | N | W | S | Y | M | M | D |
| B | M | O | N | T | E | V | E | R | D | I | S | W | N |
| H | K | D | O | T | T | D | E | B | U | S | S | Y | V |

**BACH**
**BEETHOVEN**
**WAGNER**
**MENDELSSOHN**
**CHOPIN**

**VIVALDI**
**DVORAK**
**HANDEL**
**BRAHMS**
**MOZART**

**HAYDN**
**DEBUSSY**
**LISZT**
**BELLINI**
**MONTEVERDI**

*Lulu Fisher (3292)*



## Meegevoel / Condolences

It has come to our attention that some of our residents have lost a loved one during the past few weeks. We wish to offer our sincere condolences. May you find peace and consolation and experience God's presence every day.

*Ons het van die verlies van 'n geliefde van enkele inwoners gedurende die afgelope paar weke verneem. Ons betuig hiermee ons opregte meegevoel. Mag u berusting vind en ons Vader u troos en dra in hierdie besonder moeilike tyd.*

*Redaksie/Editors*

Voel asseblief welkom om
Dienie Guthrie (3072), Sybil Basson (1104) of Corrie Naudé (3053)
te kontak indien u graag 'n versoek vir
voorbidding aan die Gebedsgroep wil rig

## Sudoku Oplossing / Solution
(van bladsy 7 / from page 7)

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 3 | 7 | 9 | 4 | 8 | 2 | 5 | 6 |
| 9 | 5 | 6 | 7 | 2 | 1 | 3 | 4 | 8 |
| 8 | 4 | 2 | 3 | 5 | 6 | 9 | 7 | 1 |
| 4 | 6 | 8 | 1 | 7 | 3 | 5 | 9 | 2 |
| 3 | 1 | 9 | 2 | 8 | 5 | 4 | 6 | 7 |
| 7 | 2 | 5 | 4 | 6 | 9 | 8 | 1 | 3 |
| 2 | 8 | 1 | 5 | 9 | 7 | 6 | 3 | 4 |
| 5 | 7 | 4 | 6 | 3 | 2 | 1 | 8 | 9 |
| 6 | 9 | 3 | 8 | 1 | 4 | 7 | 2 | 5 |

*Lulu Fisher (3292)*

## Dowwe spieëlbeeld

Geen buitelyn van die gesig,
gelaatstrekke duidelik onderskeibaar nie.

Jy staan voor die spieël,
wasige beeld –
kan netsowel
iemand anders wees.

Spookagtig, geheimenisvol
lyk die gaasagtige beeld
in die toegewasemde spieël,
asof dit nie gesien behoort te word nie –

'n raaiselagtige verdoeseling van 'n fantoom,
ondeurgrondelike geheime bewarend ...
magies, misterieus,

soos die gelaat van die Kleed van Toeryn.

*Stephanus van Wyk (3066)*



## Kom deel 'n maklike resep met ons lesers / Share an easy recipe with our readers

Deel jou getoetste resep met ons lesers — stuur jou resep (saam met 'n foto van die voltooide produk) per e-pos na luluf@mweb.co.za
/
Share your tested recipe with our readers — send your recipe (together with a photograph of the finished product) by e-mail to luluf@mweb.co.za

## OUTYDSE PAASBOLLETJIES



**Bestanddele**:

**Vir die bolletjies**:

- 1 Koppie melk (lou, nie warm nie—omtrent 40-43°C)
- 2 ¼ Teelepels droë gis
- ⅓ Koppie suiker
- 3 ¼ Koppie meel
- ¾ Teelepel sout
- 1 ½ Teelepel Kaneel
- ½ Teelepel neutmuskaat
- ¼ Teelepel fyn naeltjies
- ¼ Koppie botter, gesmelt
- 1 Groot eier + 1 eiergeel
- ¾ Koppie rosyne, sultanas of koekmengsel
- 2 Eetlepels appelkooskonfyt (vir glasuursel)

**Vir die kruise bo-op:**

- ½ Koppie koekmeel
- 2 Teelepels strooisuiker
- ¾ Koppie water

**Metode:**

1. Kombineer die lou melk en suiker in 'n bak en roer. Sprinkel gis oor die mengsel. Los vir 5—10 minute totdat dit begin skuim. Voeg die gesmelte botter en eier by.
2. Meng die droë bestanddele apart in 'n groot mengbak—voeg die melkmengsel by en meng tot 'n sagte deeg.
3. Vou die rosyne (óf sultanas/koekmengsel) by die mengsel in. Knie vir 8—10 minute tot glad, elasties en effe klewerig (maar nie taai nie).
4. Plaas in 'n bak wat liggies gesmeer is, maak toe en laat eenkant om vir 1—1½ uur te rys tot verdubbel in grootte.
5. Verdeel in 12 ewe groot dele. Rol in stywe balletjies en plaas dit in 'n gesmeerde bak (of pan). Dit moet amper aan mekaar raak. Laat dit weer rys—vir ongeveer 30—45 minute.
6. Meng die bestanddele vir die kruise tot 'n gladde pasta, skep in 'n spuitsak (of buis) en spuit kruise bo-op elke bolletjie.
7. Bak in 'n voorverhitte oond teen 190°C vir ongeveer 18–22 minute tot ligbruin bo.
8. Smeer warm appelkooskonfyt oor die bolletjies terwyl dit nog warm is vir 'n mooi blink voorkoms.

*Bron: Facebook [Old-Fashioned Kitchen] - gedeeltelik aangepas*

*Ingestuur deur*
*Lulu Fisher (3292)*

REDAKSIE / EDITORS

**Koördineerder / Coordinator:**

Alan Snyman (1339)
E-pos / E-mail:
alansnyman459@gmail.com

**Redakteur / Editor:**

Philip Jacobs (3308)
E-pos / E-mail:
ghaitshi@gmail.com

**Engelse taalversorging / Editor English:**

Steph McFarlane (3140)
E-pos / E-mail:
lawrie.steph@gmail.com

**Samestelling en Uitleg / Compilation and Layout:**

Lulu Fisher (3292)
E-pos / E-mail:
luluf@mweb.co.za

**Medewerkers / Co-workers:**

Maretha van Heerden (3136)
E-pos / E-mail:
maretho.mvh@gmail.com

Jan Beukes (3316)
janharm45@gmail.com

Alle artikels vir die volgende nuusbrief moet, verkieslik, op die laatste teen die 18de dag van die voorafgaande maand by die Redakteur ingehandig word, om te verseker dat dit betyds nagegaan/gekeur en verwerk kan word.

---

In order to check/ approve and process articles in time for the next newsletter, it should, preferably, be submitted to the Editor by no later than the 18th day of the preceding month.

# Weeklikse Aktiwiteite / Weekly Activities

| Dag / Day | Vroegoggend / Early Morning | Midoggend / Mid-Morning | Namiddag / Afternoon |
|---|---|---|---|
| Sondag / Sunday | 9:00 Kerkdiens / Church Service | | |
| Maandag / Monday | 9:00 Lyndansklas In Mandoliensaal / Line dancing class In Mandolin Hall (Beginners) | 10:30 Pilatesoefeninge in die Mandolien-saal / Pilates Exercises in the Mandolin hall | 14:00 13 April Bybelstudie in Mandoliensaal / Bible study in Mandolin Hall<br>16:00 Sit & Fit in Mandoliensaal / Mandolin hall |
| Dinsdag / Tuesday | 08:15 CareVita#fit Exercise classes in Mandolin hall | 10:00 Bybelstudie in Mandoliensaal | 14:00 Rummikub in "Games Room", Block A, 1st floor, next to the Laundry<br>14:00 *21 April* Maatskaplike werker praatjie In Mandolien-saal / Social Worker talk In Mandolin hall |
| Woensdag / Wednesday | 9:00 Bussie na Woodlands Inkopiesentrum / Bus to Woodlands Mall<br>9:00 Kerkdiens / Church Service | | |
| Donderdag / Thursday | 8:00 Sit & Fit in Mandoliensaal / Mandolin hall | 10:30 Lyndansklas (gevorderd) in Mandoliensaal / Line dancing class (advanced) in Mandolin hall | 13:30 Handwerkgroep by Biblioteek / Handwork Group at Library<br>14:00 Rummikub in "Games Room", Block A, 1st floor, next to the Laundry |
| Vrydag / Friday | 08:15 CareVita#fit Exercise classes in Mandolin hall<br>09:00 Bussie na Olympus Checkers / Bus to Olympus Checkers | | 14:30 Bingo in dining room |